SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE
SOUTH AFRICAN TEACHERS' UNION
Nasionale Kantoor / National Office

SAOU

Nuusbrief / Newsletter

012 436 0900 / 086 072 6843 012 348 9658 saou@saou.co.za

NUUSBRIEF 51 NEWSLETTER **29/10/2015**

TOELATING VAN LEERDERS

Bepaling van skoolkapasiteit

Die SAOU het kennis geneem dat bepaalde LURe vir Onderwys in die lig van die jongste uitspraak van die Appèlhof, skole dreig dat hy/sy skole sal volmaak met leerders en dat Skoolbeheerliggame weinig daaroor te sê het.

Dit is 'n bewese feit dat 'n skool 'n logiese punt bereik wanneer die skool as "vol" geag kan word. Die regulasies wat uitgevaardig is deur die Minister van Basiese Onderwys op 29 November 2013 (Gazette nr 37081), Regulasies met betrekking tot minimum norme en standaarde vir openbare skoolinfrastruktuur (kliek hier vir Regulasies) is uiters relevant ten opsigte van hierdie vraagstuk.

Benewens ander aspekte word die volgende uitgelig:

- Regulasie 5: Tipe skole
- Regulasie 9: Klaskamers en minimum spasie per leerder en opvoeder
  - Gr R: Leerder (1.6 m^2) en opvoeder (7 m^2)
  - Gr 1 – 12: Leerder (1 m^2) en opvoeder (7 m^2)
  - Leerders met gestremdhede: 2 m^2
  - Maksimum klasgrootte: Gr R: 30 leerders en ander grade: 40 leerders
- Bylae A: Minimum grootte vir onderwysareas: In die verband kan kennis geneem word dat voortaan sal die minimum grootte van 'n klaskamer 48 m^2 wees en vir Gr R-klasse 60 m^2.

Dit sal skole dus baat om 'n deeglike studie te maak van die Regulasies en ook om die maksimum kapasiteit van die betrokke skool te bepaal.

ADMISSION OF LEARNERS

Determination of school capacity

The SAOU took note that against the background of the most recent judgement in the Appeal Court, certain MECs for Education threaten schools that he/she will fill schools with learners in terms of their own discretion and that SGBs will have to abide.

It is an objective fact that a school will reach a logical point where the school will be regarded as "full". The Regulations published by the Minister of Basic Education on 29 November 2013 (Gazette no 37081), Regulations relating to minimum uniform norms and standards for public school infrastructure applies to this matter (click here for Regulations).

Besides other matters, attention is drawn to the following:

- Regulation 5: Types of schools
- Regulation 9: Classrooms and minimum space per learner and educator
  - Gr R: Learner (1.6 m^2) and educator (7 m^2)
  - Gr 1 – 12: Learner (1 m^2) and educator (7 m^2)
  - Learners with disabilities: 2 m^2
  - Maximum class size: Gr R: 30 learners and other grades: 40 learners
- Annexure A: Minimum size for educational areas: In this regard it must be noted that the minimum size for a classroom will be 48 m^2 and for Gr R classrooms 60 m^2.

Schools are advised to make a careful study of the Regulations and to determine the maximum capacity of the school.

JNAs

Wat is die jongste stand van sake?

Dit is algemene kennis dat daar steeds 'n impasse is tussen die SAOU tesame met die ander onderwysvakbonde enersyds en andersyds die DBO en die nege provinsiale departemente van onderwys. Die standpunt van die vakbonde is dat die beginsel van sistemiese evaluering hersien moet word en dat die tydperk van 1 – 4 Desember vir die afneem van die 2015 JNAs nie enige sin maak nie. Uiteraard is die onderwysdepartemente se standpunt dat dit wel afgeneem moet word.

Na aanleiding van talle gesprekke oor die afgelope paar weke is die SAOU en ander onderwysvakbonde genader en versoek of mediasie

ANAs

What is the latest state of affairs?

It is common cause that an impasse still exists between the SAOU and other teacher unions on the one hand and the DBE and the nine provincial departments of education on the other hand. The unions still insist that the principle of systemic testing must be reviewed and the period of 1 – 4 December for the ANAs makes no sense. The departments of education still insist on the ANAs during said period.

Emanating from various discussions during the past few weeks the SAOU and the other unions have been approached and requested to consider mediation in an endeavor to resolve the impasse. The SAOU

nie oorweeg kan word vir die oplossing van gemelde impasse nie. Die SAOU en die ander vakbonde het daartoe ingestem en die essensie van die mediasie sal handel met die volgende vraagstuk:
"*Die mediator moet die dispuut tussen die werkgewer en die vakbonde fasiliteer ten opsigte van die status en die onderwyskundig verantwoordbaarheid van die JNAs in die huidige formaat insluitend die 2015 JNAs.*"

Die Nasionale Uitvoerende Raad van die SAOU het op 22 Oktober 2015 die volgende mandaat vir deelname aan die mediasieproses goedgekeur:

- *Die SAOU is ten gunste van sistemiese evaluering.*
- *Die SAOU ondersteun die beginsel van verantwoordbaarheid tov onderwyspersoneel en skole.*
- *Die jaarlikse assessering van en deur elke leerder is nie aanvaarbaar nie.*
- *Die beginsel van assessering aan die einde van die onderskeie fases word ondersteun.*
- *Die behoorlike diagnosering nav die sistemiese evaluering moet plaasvind ten einde die volgende te bepaal:*
  - *Leemtes in die onderrigmetodieke van onderwys-personeel*
  - *Leemtes in die vakkennis van onderwyspersoneel*
  - *Leemtes in die vakkennis van leerders*
- *Weloorwoë remediëringsprogramme moet daargestel word om bovermelde leemtes aan te spreek.*

Die mediasieproses neem 'n aanvang op Maandag 2 November en loop ten einde op 8 November 2015. Lede sal volledig op hoogte gehou word van vordering en die uitslag van die mediasieproses.

and the other teacher unions acceded to their request. The following will be the mediator's terms of reference:
"*The mediator is required to facilitate the resolution of the dispute between the employer and trade union parties regarding the status and educational accountability of the ANAs in its current format including the 2015 ANAs."*

The National Executive Council of the SAOU resolved on 22 October 2015 that the following will be the mandate for participation in the mediation process:

- *The SAOU is in favour of systemic evaluation.*
- *The SAOU supports the principle of accountability for schools and educators.*
- *The annual assessment of every learner is not acceptable.*
- *The principle of assessment at the end of the various phases is supported.*
- *Proper diagnosis should occur as a result of the systemic testing to determine the following:*
  - *Problems related to teaching methods of educators*
  - *Problems related to the subject knowledge of educators*
  - *Problems related to the subject knowledge of learners*
- *Well considered remedial programmes should be implemented to address the problem areas referred to here above.*

The mediation process commences on Monday 2 November and concludes on 8 November 2015. Members will be kept abreast of progress and the result of the mediation process.